HANEKRAAI

Nr 3 / Julie 2007

Nuusbrief van die Tradisionele Boeremusiekklub van SA.

Kontakadres : T B K van SA, Posbus 48865, Hercules. 0030.

Musiekverspreier - Sias Erasmus,Tel – [012] 379 1745/083 948 2987

Webblad: **www.boeremusiek.org [Nuut]**
Eposadres **: info@boeremusiek.org [Nuut]**

E-posadresadres vir korrespondensie : susane@arc.agric.za

E-posadres van redakteur vir bydraes en ander persoonlike korrespondensie : kobusmuller@mweb.co.za
Kontakpersoon oor speel van musiek en musiekinstrumente :
Stephaan van Zyl : Tel – 082 777 0124.

PROJEK TRADISIONELE MUSIEK

Hierdie uitgawe van Hanekraai word hoofsaaklik gewy aan Projek Tradisionele Musiek soos reeds in die vorige uitgawe aangekondig is. Die Projek word geloods om op die breedste moontlike vlak, almal wat waarde heg aan ons tradisionele musiek, bewus te maak van die besondere musiekskat wat ons besit en die noodsaaklikheid om dit maklik toeganklik te maak vir almal, maar in besonder ons jongmense. Om dit te kan doen, sal ons ook ons hand in die sak moet steek om die middele beskikbaar te kry om die Projek suksesvol af te handel.

Die bestuur van die TBK en die projekspan sal geen steen onaangeroerd laat om die Projek te bevorder nie, maar elke lid van die TBK sal sy of haar volle steun en meewerking moet gee, om ons trefkrag te verhoog. Kom ons raak weer entoesiasties oor ons musiek en trots op ons erfenis. Kom ons sit elkeen en dink op welke wyse ons persoonlik ‘n bydrae kan maak en met andere kan saamwerk om ook die middele te vind wat benodig word. Maak kontak met andere wat nie lid is nie en betrek hulle en maak hulle ook bewus en trots op ons musiekskat. Van ons het nie baie aardse middele nie maar genoeg fyn druppeltjies laat die spruit uiteindelik vloei. Sit die sente en vyftigsente bymekaar en kort voor lank loop die spruit. Ons ken mos hierdie saamstaan en oorwin uit ons geskiedenis. Wees net trots en entoesiasties en werk saam. Mense raak betrokke waar daar entoesiasme is en gee hulle samewerking aan ‘n wenspan. Ons almal hou van wenners. Kom ons tree dan op soos wenners wat glo in ons eie saak. Elkeen gee sy beste en wag vir niemand anders om die nodige te doen nie, doen dit self, dan vat die selfdoeners hande en ons wen saam. Ons saak verdien elkeen se ondersteuning.

Takbesture kan hierdie saamstaan en saamwerk help bestuur en pogings loods om die saak te bevorder. Die hoofsaak is net om betrokke en entoesiasties te raak, dan kom die planne om sukses te behaal vanself.

Die bydraes wat lede wil maak of geld wat ingesamel of versamel is, kan inbetaal word by die TBK se rekening by **Absa, Ben Swartstraat**, takkode **: 334 645**, bankrek : **090281062** en die verwysing is **Projek**. Takke kan ook as hulle dit so verkies, die bydraes versamel en saam inbetaal.

Wees betrokke en werk saam !!

Kobus Müller
[Projekbestuurder].

Die teks van die Projek word nou volledig vir ons lede aangebied. Dit sal u in staat stel om die dokument te bestudeer en op hoogte te bring van die presiese doelstellings en die aanwending van die ingesamelde fondse.

DIE TRADISIONELE BOEREMUSIEKKLUB VAN SA SE

PROJEK TRADISIONELE MUSIEK

INHOUDSOPGAWE
Inleiding
Die organisasie
Die Projek
Die span
Doelstellings
Finansiële Behoeftes
Afsluiting

INLEIDING

Die staatkundige verandering wat in 1994 in Suid-Afrika plaasgevind het, het meegebring dat elke bevolkingsgroep voortaan na sy eie kultuurgoedere sal moet omsien en dit bewaar. Die owerheid sal nie ‘n rol hierin speel en daarvoor begroot nie. Die Afrikaanssprekende gemeenskap in Suid-Afrika en elders, sal nou self moue moet oprol

en hulle beursies moet oopmaak om hulle kultuurgoed te bewaar en deur te gee na die volgende geslag.

Volksmusiek is baie kwesbaar teen die vloedgolf vreemde musiek wat op alle terreine en in alle vorms gerieflik beskikbaar is. Meeste europese lande is reeds geruime tyd besig om hulle volksmusiek te versamel en te bewaar, maar met hulle owerhede se steun. Ons tradisionele musiek is reeds sedert 1902 landswyd in die spervuur omdat die beplande wegwerk van die Afrikaanssprekendes se taal en kultuur soveel makliker sou gewees het, as die stem van die boerekonsertina, traporrel en viool stil gemaak kon word. Hoeveel beledigings en verguisings moes ons tradisionele musiek nie al verduur nie! Selfs sommige van ons kultuurvaders en –moeders het in die negentiendertigs nie van die badwater gehou nie en die kind toe saam weggegooi, met ‘n paar beledigings agterna. Tog het die boerekonsertina in die hande van die ooms en tantes wat swaar getrek het en verarm was, geweier om stil te word. Selfs nog met die bou van die Hartebeespoortdam [1922 –1923] het verarmde Afrikaners wat hulle afgesloof het vir ‘a bob a day’, Saterdagaande byeengekom en geluister na Faan Harris en sy boerekonsertina, die stem van hoop en vertroosting vir mense met harte vol heimwee en verlange. Hulle het geweet op baie plase, dorpe en op die delwerye dwarsoor die land weerklink dieselfde stem nog. Dit is eie. Die stang moet vasgebyt word.

‘n Nuwe tydvak breek in 1930 vir tradisionele musiek aan, toe die platemaatskappye besef het dat jy nie dié musiek kan wegwens of bly ignoreer nie. Die depressie en droogte het hulle ook in die hoek vasgekeer en toe begin hulle dié mark om oorlewing ontgin. Die Voortrekkerdanskwartet en Hans Bodenstein en sy Vyf Vastrappers verskyn eerste soos ‘n vlagskip op die horison. Een na die ander volg die orkeste en die stem word al harder. Die bal begin werklik rol toe ‘n gewone myner, met sy eie tekortkominge en beperkings, maar begaafde man, die strydperk betree, Dawid de Lange. Dawid de Lange het aan ons musiek ongekende momentum gegee tot sommige mense se ergernis. Hierdie musiek van die plase, dorpe, delwerye en

transportpaaie af, is eie, ‘n kleinnood wat onder die moeilikste van omstandighede behoue gebly het en nou ongeskonde geniet en bewaar moet word. Dit is ons musiek en ons kinders s’n**. Ons is trots daarop**.
Buitelandse invloede het reeds in die vyftigerjare van die vorige eeu in ons musiek begin insypel en moderne en vreemde instrumente is gebruik om tradisionele musiek te speel. Die volgende geslagte sal bepaal of dié musiek ingeburger en bewaar word of nie

.

DIE ORGANISASIE

Die Tradisionele Boeremusiekklub van Suid-Afrika [afgekort : TBK] is sedert 1981 besig om tradisionele musiek met sy eie en unieke karakter, te versamel en uit te bou. Daar is geput uit die versamelings van verskeie liefhebbers en plateversamelaars wat oor baie jare die musiek uitgesnuffel het. ‘n Bron wat nog steeds ontgin word, is tuisopnames van die vorige geslag musikante wat om sentimentele redes deur families opgeneem is en bewaar word. Die rakleeftyd van die opnames is egter beperk en daarom moet die musiek opgespoor en op ‘n permanente wyse bewaar word. Die moderne tegnologie stel die TBK in staat om hierdie musiek te versorg en te bewaar. **‘n Musiekbank is reeds geskep en die versamelde musiek is reeds op rekenaar geplaas met die nodige rugsteun**.

Die groot uitdaging wat die TBK nou in die gesig staar, is om die musiek nou weer in omloop te kry en die speel van tradisionele musiek onder die jonger geslag te bevorder. Die toekoms van ons tradisionele musiek moet nou verseker word, ook in die tegnologiese ruim waarin ons lewe. Die afgelope 25 jaar het die klem vir die TBK in ‘n groot mate geval op die opsporing en bewaring van tradisionele musiek en was plate en laserskywe grotendeels gerig op TBK-lede. Die leueaandeel van die werk is gedoen deur ‘n paar toegewyde lede wat versiende was en baie uitgawes uit eie sak gedra het**. Nou het die tyd aangebreek om die vlerke weier te sprei en alle**

liefhebbers en vriende van tradisionele musiek te bereik en te betrek. Uit navrae en kommentaar, wat al meer ontvang word, is dit duidelik dat die tradisionele musiekfamilie, wat ons musiek wil geniet en bewaar, landswyd en oor landsgrense heen versprei is.

Die Grondwet van die TBK stippel die pad vorentoe duidelik soos volg uit:

1. Die **speel van tradisionele musiek** aan te moedig en leiding en ondersteuning aan musikante en voornemende musikante te gee.
2. **Korrekte vertolkings** van tradisionele musiek op laserskywe en andersins te voorsien en te versprei.
3. **Komponeer van nuwe musiek** in die tradisionele idioom aan te moedig.
4. Tradisionele musiek die nodige **publisiteit** te laat geniet.
5. **Fondse** in te samel om die doelwitte te bereik.

PROJEK

Ter bevordering van hierdie doelwitte loods die TBK van SA nou **Projek Tradisionele Musiek** om almal wat waarde heg aan ons eie tradisionele musiek, se samewerking en middele saam te snoer, ter bewaring en gebruik van hierdie musiekskat. Ons musiek moet weer vrylik ter hand wees om daarna te luister en dit te speel.

DIE SPAN

Die bestuur van die TBK van SA sal oorhoofs die Projek beheer.

Die projekspan bestaan uit die volgende persone:

1. Projekbestuurder **: Kobus Müller**, afgetrede predikant van Centurion.
2. Orkes en Finansies **: Stephaan van Zyl**, leier van die Oudagboereorkes en sekretaris van die TBK van SA.

3. Opneem van musiek en laserskywe skep : **Kobus Müller**.
4. Bemarking van musiek : **Sias Erasmus**.
5. Maak van boerekonsertinas **: Danie Labuschagne**, afgetrede kabinetmaker.
6. Publisiteit : **Kobus Müller**.

Die projeklede sal deur kundiges op ‘n vrywillige basis ondersteun word.

DOELSTELLINGS

Projek Tradisionele Musiek word geloods met die volgende doelstellings :

1. Om ‘n **rekenaar** met die nodige ware te bekom om die versamelde musiek te versorg en te stoor en vir studie en navorsing beskikbaar te hê.
2. Om die Oudagboereorkes en ander tradisionele orkeste se musiek op **laserskywe** te plaas en ook bladmusiek te skep en landswyd te bemark.
3. Om boerekonsertinas en ander tradisionele **instrumente** te vervaardig of aan te koop en teen ‘n redelike prys aan jong musikante te voorsien.
4. Om jong **musikante** op te spoor, op te lei en te ondersteun.
5. Om die Projek en die **bevordering** van tradisionele musiek in die elektroniese en gedrukte media bekend te stel.
6. Om regmatige **trots** by alle vriende van tradisionele musiek aan te wakker.

FINANSIEëLE BEHOEFTES

Doelstelling 1

Draagbare rekenaar, drukker en verdere toerusting ……	…R 25 000
Doelgerigte programme en ander sagteware……	R 10 000
Totaal	**R 35 000**

Doelstelling 2

Opneem van musiek en druk van laserskywe……..…… .R 50 000
Kompensasie en reis- en verblyfkostes van musikante en projeklede… .. R 35 000
Totaal **R 85 000**

Doelstelling 3

Aankoop van toerusting en voorraad van "boerekonsertina-projek" … . R 45 000
Maakloon van 10 boerekonsertinas…… … .R 30 000
Aankoop van 'n 6ry-duetkonsertina …… …. ..R 45 000
Verkryging en herstel van ander musiekinstrumente …… R 60 000
Subsidie vir jong spelers om instrumente te bekom…… …….. R 10 000
Totaal **R 190 000**

Doelstelling 4

Advertensies in dagblaaie vir jong musikante…… ..R 10 000
Opleiding en afronding van jong musikante…… ….R 30 000
Reis- en verblyfkoste vir jong musikante…… ..R 10 000
Totaal…… .**R 50 000**

Doelstelling 5

Advertensies in die elektroniese media…… .R 50 000
Advertensies in die gedrukte media…… …..R 50 000
Totaal…… ….**R 100 000**

Doelstelling 6

Uitstuur : drie uitgawes van Hanekraai [TBK-lyfblad] – mobilisasie ….R 20 000
Reël en aanbied van saamtrek/kongres ……..……R 20 000
Totaal…… …..**R 40 000**

Groottotaal.....**R 500 000**

AFSLUITING

Die suksesvolle afhandeling van **Projek Tradisionele Musiek** sal die Afrikaanssprekende bevolkingsdeel tydig bewus maak van die kosbare musiekskat wat hulle **besit**, moet **oppas** en **geniet**.

Maricomusiek van Jan Mans

Hierdie CD wat in die vooruitsig gestel is, is nou beskikbaar. Die Oudagboereorkes en Lourens van Zyl se orkes verskaf die begeleiding. Die musiek is met ‘n paar sessies oor ‘n tydperk van ‘n jaar opgeneem en die verskillende groepe wat begelei, skep ‘n aangename afwisseling. Musiek wat in ‘n groot mate nuut en onbekend is, word in ‘n baie smaakvolle styl aangebied. In ieder geval, dra musiek uit daardie wêreld ‘n eie karakter en as Jan Mans dié musiek waarmee hy opgegroei het, so met grasie en styl speel, kan dit net ‘n wenresep wees. Sias Erasmus sal die CD by die TBK se byeenkomste aanbied of anders kan dit by hom bestel word.

Opname van musiek

Die opname van musiek gespeel deur die Oudagboereorkes en ander musikante vorder fluks en dit is weereens musiek wat nuut en in sommige gevalle onbekend is. Drie wysies wat deur mev Jo Fourie opgeteken is, is reeds opgeneem en ander juwele wat op tuisopgeneemde kasette ontdek is, sal aanstons opgeneem word en op CD aangebied word.

TBK se webwerf

Die bestuurskomitee van die TBK het in Mei 2007 besluit dat aan ons webwerf aandag geskenk moet word en dat dit voortaan so byderwets moontlik gehou moet word. Sedertdien is die nodige gedoen en al die wetlike vereistes is nagekom en op 3 Julie 2007 het die webwerf aktief geraak, maar nou met ‘n verkorte adres. Die za wat voorheen aan die einde gebruik is, verval nou en dit is net : **www.boeremusiek.org** Indien ‘n mens nog die vorige adres gebruik, sal dit na die huidige adres herlei word. Daar is ook ‘n afdeling bygevoeg waar gesprek gevoer en kommentaar gelewer kan word.

Korrespondensie

Briewe is ontvang waarin lede waardering uitspreek vir die Hanekraai en ook in besonder dank betuig vir die lede wat so hard en onvermoeid op besture, met funksies en andersins, werk om ons saak te bevorder. Die redaksie van Hanekraai wil dié lede vir hulle positiewe houding bedank en ook aan die harde werkers sê : “Baie dankie, julle hou die pot aan die kook en maak die funksies aangenaam. Sonder julle sal die wa nie oor die bult kom nie”.

Dankbetuiging aan orkeste en musikante

‘n Groep lede wat ons almal se dank en waardering verdien, is die musikante wat in orkeste speel en deurlopend musiek maak met ons byeenkomste. Hulle is telkens gewillig om te speel en soms ver te reis om by byeenkomste op te tree. Die musikante ontsê hulleself heelwat plesier en ontspanning om die musiek te kan maak. Baie dankie aan almal van hulle. Ons waardeer dit.

Nog ‘n groep wat werklik vermeld moet word, is die musikante wat baie naweektyd opoffer om opnames vir die TBK se CD’s te maak. Die week se werk eindig vir hulle nie Vrydag om 17:00 as hulle by die werk wegry nie maar soms eers laat die Saterdagmiddag as die opnames gedoen is. Nuwe musiek moet saans en gedurende naweke bygewerk word en dit neem heelwat tyd in beslag. Desondanks kom die musikante in ‘n gemoedelike stemming vir die opnames aan en gee die beste wat hulle het om te gee en vertrek dan weer goedsmoeds huis toe. Hulle het dit vir ons saak gedoen. Baie dankie vir wat julle doen en wat julle bereid is om op te offer vir die saak van die TBK. Aan hulle eggenotes ook ‘n woord van waardering dat julle hulle vir dié tyd afstaan.



Ken ons dié musikante ?

Die musikante wie se foto's in die Hanekraai 2 verskyn het, was van die linkerkant af : Silwer de Lange [Vyf Dagbrekers], George Abrahams[e] wat meestal saam met Dawid de Lange gespeel het, Faan Harris [Vier Transvalers], Hans Bodenstein [Vyf Vastrappers] en oom Kerrie Bornman wat die boerekonsertina so flink gespeel het.

Wie is die musikante hier onder ? :

Byeenkomste vir die res van 2007 is soos volg :

6 Oktober 2007 - **TBK van SA** se Algemene Jaarvergadering by Hoërskool FH Odendaal om 17h00.

4 Augustus 2007 – **Pretoriatak** – byeenkoms : 19h00. Saamspeel van 10h00 tot 16h00 by Hoërskool FH Odendaal [**Vervroeg** van 11 Augustus 2007 weens skooleksamen].**Orkeste** : Oudagboereorkes, Lourens van Zyl se orkes en Fyntrapboereorkes.

25 Augustus 2007 – **Vaaldriehoektak** se Bring-en-braai-byeenkoms – skakelnommer – [016] 981 2605.

8 September 2007 – **Wesrandtak** se byeenkoms by Witpoortjiesaal – skakelpersoon : Flip Snyman [011] 955 3615.

27 Oktober 2007 – Boeremusiekdag van **Vaaldriehoektak** – 10h00 tot 22h00 – navrae : [016] 981 2605.

1 Desember 2007 – **Wesrandtak** se Ontspannings- en Bring-en-braai-dag. Navrae : [011] 955 3615.

29 en 30 Desember 2007– **Vriende van die TBK**-byeenkomste te Hoërskool FH Odendaal : navrae : [012] 333 4008.
30 Desember 2007 – **Vaaldriehoektak** beplan oujaarsaanddans : navrae – [016] 981 2605.

Van die ander takke se byeenkomste is nog nie berig ontvang nie.

Van oorsee, maar in ‘n ander baadjie.

Twee wysies, ‘Mienie in die mielieland’ [Vier Transvalers] of ook genoem ‘Tant San van Christiana’ en ‘Daar’s ‘n hoender wat ‘n eier nie kan lê’ het die kus van die VSA verlaat as heeltemal iets anders as die danswysies wat ons ken.

In Desember 2006, bring Sean Minnie ‘n plaat saam wat hy in Amerika op een of ander verkoping raakgeloop het. Dit is ‘n skoolorkes wat uit mandoliens bestaan wat ‘Favorite old Church Hymns for the glorification of Christ’ speel en sing en deur kol Sanders van KFC, geborg is om 2 000 plate te druk. Sean vra toe of die plaat vir hom op ‘n CD oorgedra kan word. By die opneem van die musiek blyk dit toe dat die dertiende snit – ‘Sweet bye and bye’ – Amerika as ‘n kerklied verlaat het en toe die boerekonsertina met hom klaar is, toe is dit ‘n danswysie – ‘Daar’s ‘n hoender wat ‘n eier nie kan lê’.

Nog ‘n geval, is ‘Mienie in die mielieland’ wat as kerklied met die beginwoorde ‘Jesus is my Savior’ Amerika verlaat het en hier by ons as ‘Tant San van Christiana’ of ‘Mienie in die mielieland’ sy kop op die dansbaan uitgesteek het.

Nou wonder ‘n mens hoe dit gebeur het dat die ouer mense met hulle respek vir kerk en kerkgoed, die twee wysies van die kerk na die dansbaan toe gevat het ? Heel waarskynlik het die wysies en die woorde van mekaar geskei geraak en is die wysies nie as kerkmusiek aangesien nie. Watter rol het die Salvation Army, wat soveel musiek sonder woorde met hulle konsertinas gemaak het, in die saak gespeel? Die musiek het heel waarskynlik in iemand se kop

vasgehaak en dit is later sonder enige wroeging op die dansbaan gespeel.

Presies die teenoorgestelde het gebeur met die Voortrekkerwysie van Psalm 130 – Uit dieptes gans verlore – waar ‘n walswysie van oor die water – vermoedelik Skotland – sy dansstatus verloor het en deur die Voortrekkers gebruik is om van hulle diepste emosies in die geloof uit te druk.

Volksmusiek volg sy eie weë en het sy eie manier om die kosbare te behou.

Standertonkonsertina-orkes

Hierdie Orkes het 2½ plate gemaak wat op Trek AC 734, 737 en 746 op die mark gekom het. Op die plate word vermeld dat die leiers van die orkes Tilley en Foster was. Dit is die feite wat van die Orkes bekend was. Nooit is weer van die Orkes of van Tilley en Foster iets verder verneem nie. Die spesmaas het egter bly dwarrel dat hier iets aardigs gedoen is op ‘n tydstip toe dit niks snaaks was om bekende musikante onder verdoeselname plate te laat opneem ter wille van geldelike gewin nie.

Op ‘n dag het Kobus Müller met die plate gewerk en daarna geluister en met die speel van die MP-polka besef dat dit Faan Harris is wat die konsertina speel. Hierdie polka speel die Vier Transvalers as ‘Mienie in die mielieland’. Na oorlegpleging met Danie Labuschagne en Stephaan van Zyl, is na deeglike oorweging besluit dat Faan Harris wel die konsertinaspeler is. Die probleem wat toe opgelos moes word, is wie die banjo en kitare bespeel het. Dit was nie George Abrahams nie en wie anders kon dit wees? In ‘Boeremusiek, Tweede Gedenkalbum’, bl 85, sê Piet Bester dat met inligting wat oor die program “Span die Bokseil” ontvang is, “…kon ons die banjospeler van die Standertonorkes, Dave de Villiers, opspoor.” Werk ‘n mens egter die vraelys wat Dave voltooi het baie krities deur, dan blyk dit dat hy sê dat hy drie plate saam met die

Standertonorkes gemaak het, maar sê ook dat hy meestal in orkeste " … die ghitar gespeel.." het. Dave de Villiers sê dus nie direk dat hy die banjospeler in die Standertonorkes was nie en Piet Bester het moontlik die afleiding gemaak op sterkte daarvan dat Dave meedeel dat hy ook banjo kan speel. Die vraagteken het oor die saak vir maande bly hang. Een ding was egter seker en dit is dat Faan Harris baie puntenerig was oor wie hom begelei het.

Op 8 Januarie 2007 bespreek Danie Labuschagne die saak van die banjospeler van die Orkes met Lourens Aucamp en hy noem toe iets wat eintlik al bietjie vergete geraak het. In "Tradisionele Boeremusiek. 'n Gedenkalbum." skryf Piet Bester op bl 192, waar dit gaan om Tiny Mey, dat sy ma, Anna, "..vir jare banjo in haar man [Tiny se pa Frank] se orkes gespeel het." Die Meyfamilie het Faan Harris ook goed geken en Tiny het in verskeie orkeste oa banjo gespeel. Bester vervolg dan: "Hy [Tiny] het ook baie saam met Faan Harris op partytjies gespeel en het hom ook op 'n paar 78-spoedplate met die banjo begelei." Tiny Mey het dus in 'n huis grootgeword waar banjospeel 'n lewenswyse was en sy begeleiding op die banjo was vir Faan Harris, wat aan George Abrahams gewoond was, aanvaarbaar. Mannetjie Pieterse [Piet Bester, Boeremusiek. Derde Gedenkalbum, bl 46] sê hy het ook "…kitaar gespeel saam met drie konsertinaspelers wat van Standerton af komstig was en plaatopnames kom maak het. Hulle was Tilley, Pringle en Vorster.Een van die nommers wat opgeneem is, het die titel van "Delmas-Vastrap" gehad". Die vraag wat nou ontstaan, is of Mannetjie nie een van die ander drie spelers geken het nie en ook nie die Ruk en pluk-vastrap van Silver de Lange nie, want dit is wat die Delmaspolka is? Of het hy maar net saamgespeel ? Hy moes saamgespeel het, want hy sê self : "Hy het ook vir Faan Harris, die leier van die destydse beroemde 'Vier Transvalers', goed geken. Faan het op 'n stadium by hom loseer en hy het hom ook met die kitaar begelei tydens plaatopnames by Gallo" . [Piet Bester, a.w. bl 46] Hoe die vurk werklik in die hef gesteek het met die verdoeselry, sal 'n mens nooit werklik weet nie, maar daarmee is die saak,

rakende die spelers, nou eintlik so goed uitgepluis as wat nou nog moontlik is.

Dit los nou die probleem rondom dié Orkes, waarvan nooit weer gehoor is nie, redelik bevredigend op en kan met ‘n hoë mate van sekerheid aanvaar word dat die Standertonkonsertinaorkes, wat die opnames gemaak het, ten minste uit Faan Harris, konsertina, Tiny Mey, banjo, en Dave de Villiers en Mannetjie Pieterse as kitaarspelers, bestaan het.

In die jare wat hierna gevolg het, het platemakers dieselfde taktiek in nog ‘n paar ander gevalle gebruik.

[Sedert die berig opgestel is, het Robbie Holm berig dat sy Ma hom meegedeel het dat daar wel in Standerton se wêreld vroeër ‘n orkes met ‘n soortgelyke naam was, waarvan ‘n ene Vorster die leier was. Sodra Robbie meer inligting van hulle bekom, sal ons dit deurgee.]

Sias se musiekwinkel

Sias en Susan is soos altyd op hulle pos om ons musiek te versprei. Vir diegene wat ‘n lys van beskikbare musiek gevra het, is die lys hier onder bygevoeg. Sias was net angstig om my te herinner om **Maricomusiek van Jan Mans [R 80 – 00]** by te voeg. Sias, ek het jou nie in die steek gelaat nie !

Beskikbare CD’s

Eerste 10 jaar	Gertjie Claassen en Hendrik Lotter, 1&2
Oudagherinneringe	Vyf Dagbrekers – Silwer de Lange [2 CD’s]
Outydse Potjiekos – vol 1 en 2	Tant Bettie Ferns
Hans la Grange – vol 1	Gerrie Bezuidenhout – vol 1,2,3
Stephaan speel boerekonsertina	Musiek vir die wapad
Willie Palm en Alf vd Watt	Dawid de Lange : pakket met 5 CD’s
Tradisionele Boeremusiek	Oom Chris Blignaut – pakket met 7 CD’s
So speel die Goudveld	Oudag se Potjiekos
Dawid de Lange – vol 3	TBK 25 jaar – herdenking - vol 1 en 2 [R 150– 00]

Alle CD's kos R 80-00 behalwe Dawid de Lange – pakket [R 325-00], Chris Blignaut-pakket [R 395 – 00], Vyf Dagbrekers – Silwer de Lange – 2CD's [R 110 – 00]. Posgeld beloop R25 – 00 per pakkie.

Die standbeeldgroep van die boereorkes op die stadsplein in Pietersburg

"n Vriend wat in Pietersburg woon, Danie Potgieter, het gewillig die moeite gedoen om op die regte tyd van die dag, as die son nie soveel skaduwees gooi nie, 'n reeks foto's van die standbeeldgroep te neem. Danie, dankie daarvoor! Ongelukkig is die foto nie in kleur afgedruk nie, maar nogtans 'n goeie foto. Helaas, die vioolstok is geroof en seker as afvalmetaal verkoop vir 'n klompie sent. Aan oom Piet Bester, die Stadsraad van Pietersburg en ander vriende wat gewillig bygedra het, is ons die besondere en enigste standbeeldgroep te danke.